Skoolhoof: G.J.P. Nieuwoudt

Primêre en Preprimêre Skool Naudeville

18 Januarie 2012

Oueromsendskrywe 01/2012

Geagte ouers,

Ek gee graag die volgende inligting aan u deur :

1. SKOOLGELDE :

Die skoolgelde vir 2012 beloop R450,00 per maand oor 11 maande (R4950,00 per jaar). Indien u van mening is dat u kwalifiseer vir afslag of kwytskelding van skoolgelde, moet u onverwyld vorms by die kantoor afhaal en aansoek doen daarvoor.

Ouers wie se gesamentlike bruto inkomste minder is as R123 750,00 per jaar, kwalifiseer vir afslag op skoolgelde en indien u gesamentlike bruto inkomste minder is as R49 500,00 per jaar, kwalifiseer u vir kwytskelding van skoolgelde.

- Te same met hierdie omsendskrywe ontvang u 'n brief aangaande skoolgelde wat u moet voltooi en skool toe stuur.
- Skoolgelde is voor of op die **SEWENDE** van elke maand betaalbaar.

2. KLEURBYEENKOMS :

Hierdie atletiekbyeenkoms vind op Dinsdag 24 Januarie 2012 by die skool plaas. Ouers wat as beamptes behulpsaam kan wees, kontak asb mnr. Danie Serfontein.

3. LEERDER AFWESIGHEDE / VERLAAT VAN TERREIN / OUERBESOEKE :

Ek herinner u aan die volgende :

- As u kind afwesig was of afwesig gaan wees, moet u asseblief die skool **skriftelik** van hierdie afwesigheid in kennis stel.
- Indien u kind die skoolterrein om een of ander rede gaan verlaat, moet u die skool **skriftelik/telefonies** daarvan in kennis stel.
- Indien u die skool besoek, moet u asseblief onder alle omstandighede eers by die kantoor aanmeld.

HIERDIE REËLINGS IS NOODSAAKLIK VIR DIE VEILIGHEID VAN U KIND EN ONS SKOOL !!!

4. SKOOLTYE EN HEKKE :

Die skooltye vir 2012 is as volg :

Posbus 2264, WELKOM, 9460, Mostertstraat 2, Naudeville
Tel Preprimêr: 057 352 2413 · Tel Primêr: 057 357 1867 · Faks: 057 352 4183 · E-Pos: naudeville@gcs.co.za · Web: www.naudeville.co.za

- Graad 1 en 2 : 07:30 – 12:50 (Graad 1 kom tot en met 31 Januarie 2012 om 12:30 uit)
- Graad 3 : 07:30 – 13:15
- Graad 4 – 7 : 07:30 – 13:35

Die hekke sal dus daagliks om 07:30 gesluit word en sal weer om 12:20 oopgesluit word.

5. INLIGTINGSVERGADERINGS :

Ons bied graag inligtingsvergaderings aan om ouers in te lig oor die akademiese werkwyses. Die vergaderings vind as volg plaas :

Preprimêr : 18 Januarie 2012 – 18:00 in die klaskamers.
Graad 1 – 3 : 18 Januarie 2012 – 18:00 in die klaskamers.
Graad 4 : 19 Januarie 2012 – 18:00 in Mev. Basson se klas.
Graad 5 – 7 : 19 Januarie 2012 – 18:00 in Mnr. Serfontein se klas.

6. TOILETPAPIER :

Ons het die reëling dat elke leerder vir hom / haarself ‘n rolletjie toiletpapier skool toe moet bring. Leerders moet hierdie rolletjie in sy/haar tas hou. Indien ‘n leerder ‘n probleem het, is daar altyd toiletpapier in die klas of kantoor beskikbaar. Diensdoende leerderraadslede het ook papier by hulle.

7. PERSONEELAANGELEENTHEDE :

Twee nuwe assistente is aangestel. Mev. Elizna Sik en mej. Roelane Bester. Mev. Janine Esterhuizen is aangestel as onderwyseres by die juniorgroep en mej. Elizma du Plessis is die nuwe graad R2 onderwyseres. Mej. Nahlita le Roux is aangestel as onderwyseres in die intermediêre fase.

Baie dankie.

……
G.J.P. Nieuwoudt
Skoolhoof